Publication: Huisgenoot
Date: Thursday, March 25, 2021
Page: 22



# MY EDDIE, MY ROTS

## Patricia de Lille praat oor haar laaste jaar saam met haar man wat onlangs oorlede is en vertel hoe hy haar amper 50 jaar ondersteun het

Deur **JANE VORSTER** Foto's: **MISHA JORDAAN**

DIS die eerste ding wat jou aandag trek wanneer jy in haar sitkamer instap – die geraamde portret van die man wat 49 jaar lank die vuurvreterpolitikus se lojaalste ondersteuner was. Haar sielsgenoot. Haar wederhelf.

"Ek het hom daar gesit sodat hy vir my kan glimlag wanneer ek in die vertrek instap, en dan kan ek terugglimlag," sê Patricia de Lille.

Sy gee 'n laggie toe sy na die foto van Edwin de Lille kyk. Op 72 leef hy nou net op die foto en in haar herinnerings voort.

"Weet jy, ek kan steeds nie glo hy's weg nie. Dis al 'n maand, en ek dink nie dit het my al getref nie," sê sy weduwee.

Nadat Patricia (70) eers in stilte oor sy dood wou rou, is sy nou gereed om oor hul laaste jaar saam te praat toe sy gesondheid ál meer verswak het. Selfs in hierdie laaste hoofstuk kon hulle vreugde uit hul samesyn put.

Nie net het Patricia in dié tyd haar hande vol gehad as minister van openbare werke en infrastruktuur in pres. Cyril Ramaphosa se kabinet en as leier van die Good Party nie; sy het ook haar man tydens sy lang siekte help versorg.

Sedert 2012 het 'n reeks klein beroertes sy gesondheid geknou. Tog het Eddie, soos sy hom noem, van elke terugslag herstel en dan weer gedoen wat hy die meeste geniet het – om na sy vrou en hul huishouding om te sien.

Maar ná 'n operasie in Februarie verlede jaar waarin sy galblaas verwyder is, het hy 'n hospitaalkiem opgedoen en daarna longontsteking gekry.

Om alles te vererger mag Patricia weens die streng maatreëls aan die begin van die inperking nie haar ernstig siek man in die hospitaal besoek het nie.

**'Ek het hom soms probeer ontstel omdat ek sy mening wou hoor'**

Mediese personeel by die Life Vincent Pallotti-hospitaal het eindelik teësinnig ingestem dat sy Eddie, 'n afgetrede busbestuurder, kon huis toe neem.

"Die dokter het vir my gesê ek moet myself daarop voorberei dat hy dalk net 'n maand of twee oorhet. Ek het vir hom gekyk, geglimlag, en my man in die ambulans gelaai en hom huis toe gebring."

Sy het 'n hospitaalbed vir hul slaapkamer gekoop en 'n verpleegster aangestel. Talle slapelose nagte het sy na haar man se onreëlmatige asemhaling geluister en gewonder of hy tot die volgende oggend sou leef.

Tog het Eddie geleidelik sy kragte herwin. Al kon hy nie veel praat nie, het hy dit steeds geniet om sy gesin om hom te hê.

Met die hulp van hul seun, Alistair (48), wat saam met sy vrou op dieselfde eiendom woon, kon Patricia vir Eddie in sy rolstoel tuin toe neem. Hy het dit geniet om tyd daar saam met hul vier poolhonde deur te bring.

"Hy was lief vir daardie honde. Jy moes die glimlag op sy gesin sien wanneer hy hulle gesien het," vertel Patricia.

Dis daardie oomblikke wat sy nou koester. "Die enigste positiewe ding vir my van covid is dat ek tuis kon werk."

Maar een Sondagaand laat, nadat hy



This material has been copied under a Not Selected licence and is not for resale or retransmission.